NUUSBRIEF 9

11 April 2025

INHOUD

UIT DIE HOOF SE PEN
SKOOLTYE
AFLEWERINGS
MEDIKASIE
NUWE BL-LEDE
OPEDAG
NAVRAE

Uit die hoof se pen...

Beste Ouers en Leerders,

Met die aanvang van die tweede kwartaal word ons met skok herinner aan hoe vinnig die jaar verbygaan. Die kwartaal is kort en propvol – met verskeie vakansiedae in April en Mei, is daar min effektiewe skooldae vir akademiese vordering. Elke leerder sal dus moet vasbyt, tyd uitkoop en doelgerig fokus op hul studies.

Vandag het leerders hul eerste kwartaal rapporte ontvang. Ons herinner ouers vriendelik aan die oueraand wat op Maandag, 14 April vanaf 17:00 tot 20:00 plaasvind. Ons doen 'n ernstige beroep op elke ouer om hul kind se rapport deeglik te bestudeer en waar prestasie nie na wense was nie, dadelik 'n afspraak met die betrokke opvoeder te reël. Dit is van kardinale belang dat ons as ouers en opvoeders saamspan om elke leerder se potensiaal te ontsluit.

In hierdie tyd van druk en uitdagings is dit maklik om ontmoedig te voel. Die wêreld rondom ons lyk soms woes; die nuus op TV bring selde goeie berigte. Maar in hierdie onseker tye hoor ons steeds die stem...
"*Wat jou roep vir jare;*
Die wind van Sy Gees oor die hele aarde..."

God is teenwoordig. Sy teenwoordigheid en heerskappy sien ons elke dag – in die natuur, in die stilte van die oggend, in elke nuwe dag wat Hy gee. Ja, ons het Hom nog nooit met ons fisiese oë gesien nie, maar ons GLO. Laat ons kinders wees in geloof – Soos hulle glo in Kersvader, die Tandemuis en die Paashaas... so eenvoudig en opreg.
Want: "*Ons moet soos kinders kan glo in die eenvoud van Sy woorde.*
Ons moet soos kinders kan glo om te doen wat Hy ons vra.
Dis die geloof van 'n kind wat die Here God behaag."

Mag hierdie kwartaal vir ons almal – ouers, leerders en personeel – 'n tyd van groei wees, nie net in kennis nie, maar ook in geloof.
Maak jou hart oop. Glo soos 'n kind. Want dit is die grootste wonder wat met jou kan gebeur.
Sterkte met die kwartaal wat voorlê.
Mag jy elke dag die stem hoor wat roep, en die vrede van God beleef.

Britsgroete.
Mnr. Anton Nortman

Skooltye

Skooltye is soos volg:
Maandag tot Donderdag - 7:15 tot 14:00
Vrydag - 7:15 tot 13:30.



Die klok lui om 7:15. Leerders moet reeds om 7:15 op die terrein wees, hekke sluit om 7:15. Leerders wat na 7:15 arriveer, se ouers moet hul na die kantoor neem, waar die ouers die leerder self by die skool kom inteken.

Aflewerings tydens skoolure

Geen aflewerings van kospakkies, boeke ens. mag by die skool gedoen word tydens skoolure nie.
Ons vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in die verband. Die hekwag is opdrag gegee om enige sulke aflewerings vir leerders van die hand te wys.

Medikasie by die skool

Ingevolge die Wysigingswet op Medisyne en verwante middels mag geen medikasie deur die skool aan leerders gegee word nie.

Die skool beskik nie meer oor ‘n siekekamer nie. Indien ‘n leerder siek voel gedurende skoolure, gaan ons vra dat u asb. u kind kom haal.

Nuwe BL-lede

Hoërskool Brits moes onlangs ‘n tussenverkiesing hou vir die Beheerliggaam. Baie geluk aan Lohan Otto en André Kruger wat verkies is.

Lohan Otto

André Kruger

Moer 'n boer

Opedag 2025

Links na regs: Mnr. Anton Nortman, Ernst Meintjies, Lambertus Scheepers, Janneman van den Berg, Steph Meintjies, Marinus Gouws.

Navrae

Enige afwesighede en of probleme, toestemming vir uitteken, moet met die graadvoog hanteer word.
Indien u enige navrae het rakende situasies van die skool, moet u asseblief gebruik maak van die kontakbesonderhede soos hieronder gelys;

Algemene navrae: Me. Erna Botes - 012 252 3228/hsbrits@hsbrits.co.za
Afwesighede: Me. Lenie Potgieter
Uitteken gedurende skoolure: Me. Erna Botes
Finansies: Me. Mariëtte Nel
(Skoolfondsnavrae en bewys van betaling)
Finansies: Me. Willa Bekker
(Agterstallige skoolfonds en subsidies)
Akademie: Mnr. Werner Bossert
Sport: Me. Lize-Mari Rossouw
Kultuur: Mnr. Jakkie Louw
Dissipline: Me. Alet Goosen
Bemarking: Me. Anriëtte Delport
Vakveranderings: Me. Gerda Myburgh
Graad 8: Me. Roselle Stander - **graad8@hsbrits.co.za**
Graad 9: Mnr. Jandré Botes - **graad9@hsbrits.co.za**
Graad 10: Me. Wilna van Gass - **graad10@hsbrits.co.za**
Graad 11: Me. Minette Pelser - **graad11@hsbrits.co.za**
Graad 12: Me. Adri Burger - **graad12@hsbrits.co.za**